Wilna

# OPSAAL



**November 2006**

# OPSAAL

Jaarblad van die Berg-en-Dal Voetslaanklub

November 2006

Hierdie artikels is deur klublede geskryf, gedig en gefabriseer n.a.v staptogte/uitogte wat hulle individueel of in groepverband gedurende die jaar onderneem het.


## Voorsittersbrief

Ek blaai deur laasjaar se Opsaal en wonder wat en waaroor ek sal skryf. Lang stappe was maar min. Ek blaai deur my stapdagboek vir inspirasie en vind ’n foto van Mathie, Faan, Annie en Self wat op 30 April 2005 teen die “Injasuti Dome” geneem is en wonder of ek ooit weer daar sal kom met my gelapte hart.
Annette en Self het op 31 Des 2005 die jaar afgesluit met ’n stap vanaf Witfontein op die Montaqupas en lê 21.6 k m in 3 uur 35 min af. Laasjaar het ons die jaar op dieselfde roete begin.
Vanjaar begin die klub sy stapprogram op 14 Januarie 2006. Nege gaste en sewe lede neem deel en ons stap die ou Cradockkloof-pas. Dit het maar moeilik gegaan met van die gaste, die gevolg was dat Hettie haar man De Waal moes ontbied om van die stappers in Montaqupas af te haal. Die meeste van die wegstappe is nie gedoen nie,weens swak belangstelling ons sal definitief aandag hieraan moet skenk indien die klub sy identiteit wil behou. Terwyl ek na die Opsaal kyk, dink ek aan Tom Boshoff wat ons op 10 September vooruit is. Destyds toe dit besluit is om ’n klubtydskrif te begin, was daar ’n geredekawel oor die naam daarvoor, Tom het terstonds gesê dit moet OPSAAL heet. Die jare toe Tom nog gereeld gestap het, kon hy altyd gehoor word wanneer ander nog wil rus, OPSAAL en dan moet daar gestap word. Ons eer sy nagedagtenis.
Aan u almal ’n geseënde Kersfees en ’n voorspoedige 2007, met verweerde stewels.

Hennie Mouton



# Thomas Boshoff



OPSAAL Dit was Tom se bevel as die stappers ’n paar minute sit/blaas kansie, ’n slukkie water en dalk sommer ’n happie nodig gehad het. Hyself het nooit gaan sit nie, sommer so in die beweeg sy slukkie water geneem.
Nooit het hy by ons vertrekpunt met sy motor opgedaag nie en vergeefs het een van ons probeer om hom onderweg op te laai met ’n wuif van die hand beduie hy “Nee dankie.........verkies te voet”
’n Gebore plaas- en natuurkind uit die Olifantshoek Griekwastad omgewing, klipgooi vanaf die Kalahari het hy sy kinderjare en jeug deurgebring. Vanaf Pretoria kom hy en sy gesin hul op George vestig vir sy aftrede.
Sommer gou met wandelskoene en eiehandig gemaakte bamboesstaf met netjiese stewige handgreep begin hy op eie houtjie die berge bosse en woude in die pragtige omgewing verken. Behalwe bogenoemde het hy ook Bosbou en natuurbewaring se paaie met hul vereiste permitte verken en nuwe weë ontdek. Lina, Ek, Joey, Natalie en Susan was bevoorreg om mettertyd op Dinsdae saam met Tom by die dam en omgewing te stap en ook sy persoonlik nuwe mooi voetpaaie met hom te kon beleef.
Onder sy wakende oog het ons ongemerk fikser geword, die opdraandes gelyktes en stadigaan kon ons enige stap oorwin (binne ons vermoëns)
Hierdie het later en is tans die offisiële Dinsdag stap vir alle Berg-en- Dal stappers nes ons jaarlikse OPSAAL ook van Tom is.
Nooit sal ons jou vergeet nie altyd rustig en stil, ’n man van min woorde, ’n uitmuntende STAPPER.
Op 10 September 2006 was dit Tom se opsaal vir sy laaste REIS.
Ons Berg en Dal stappers eer jou nagedagtenis.
Ons almal salueer jou.

Magdaleen Booysen

Somerset Wes



## As God se Skepping met jou praat ...

Ek sal nooit my gewaarwordinge vergeet van een oggend vroeg, nou byna vyftig jaar gelede, toe ek hoog op 'n rots in die Sederberge gesit het nie. Nog maar min in my lewe het ek so bewus geword van die teenwoordigheid van God in sy skepping soos toe die sonlig net-net op die bergtoppe begin speel daardie môre. Soveel skoonheid kon nie maar toevallig bestaan nie – soos een van die ou kerkvaders eeue gelede gesê het: die skepping is die skouburg van God se heerlikheid.


Ja, ek het wel weer sulke ervaringe gehad, maar miskien tog nooit weer heeltemal so intens nie. Daar was weer so iets by die amfiteater in die Drakensberge, en toe die windvlae die sneeu soos 'n kam gedryf het op Mont Blanc bo Chamonix in die Franse Alpe, en toe ons vir 'n donderstorm moes skuil onder 'n oorhangende krans in die barre woestyn van Damaraland, en as jy klein voel wanneer jy daar in die misreën voor die Victoria-waterval staan, en om op 'n maanlose nag die Karoo-sterrehemel te aanskou ...

Dan dink ek mos onwillekeurig: hoe arm is die mens wat homself nooit die geleentheid gun om sulke ervarings te smaak nie!

Pieter Potgieter



## Namakwaland se Blomme
## 2006



'n Barre landskap sê iemand
Dan praat hy van Namakwaland
Maar onder klippe en die sand
Lê die mooiste saadjies reeds
geplant
Dan kom die reën
En in hul massas een vir een
Ontwaak die saad
Tot heel die landskap daarvan praat
Ek hoor 'n boodskap sonder woorde
'n Loflied sonder melodie
Die wind en veld suis die akkoorde
En voer mens weg in euforie
Die mooi is asemrowend
Die lied is stil, maar oorverdowend
Die panorama wat ontvou
Se omvang kan jy skaars onthou
Soos die son begin om wes te gaan
Begin die blommeprag ook taan



Maar dit is maar net vir die nag
More pronk hul weer met nuwe prag
Snags hoor 'n mens die huidjiehee
Eentonig strelend een noot skree
Dit voer jou sonder weerstand mee
En maak jou rustig na die gees
Net te geniet en hier te wees
Wat mens ook nog doer gunter kry
Is die rooi't'kooi en die 't'nouroevy
Saam met die veld- en vingervy
Is almal opgeruimd en bly
Soos jy so deur die blomme ry
So laat jy maar jou oë wei
En word jy stil en mediteer
Dan sê jy dankie liewe Heer
Ook die natuur gee U die eer.

Faan Strauss (Aug. 2006)

## Outenikwa Wandelpad



Vrydag oggend 17 November begin ons met rugsak op en gesteweld by Jubilee Creek. Annie, Hennie, Christina, Charl en Annette. Die veldwagter verseker ons dat daar nog minstens 3 Grootvoete in die omgewing van Farleigh en Millwood loop. 'n Ou koei met 'n kalf en 'n jong bul.

Hierdie is een van die min roetes waar daar nog vuurmaak fasiliteite beskikbaar is. Dit was natuurlik Hennie se hoogtepunt om elke dag sy rugsak af te gooi en dadelik die byl op te tel en kan hy kap.. Die eerste oornag punt is by Millwood waar 'n mens by die museum onder die indruk kom van die delwerslewe van 1886-1889. Die 2de dag daal jy 400m na die Knysna rivier om weer 300m te klim voor jy na 17km by Rondebossie aankom. Dit is by die Knysna rivier waar ek en Christina besluit om lyf nat te maak ons gooi die meeste klere af en glip in die bruin water in. Na 'n heerlike swem besef Christina dat haar bril in die donker water verdwyn het, na 'n gesoek van 30 min gee ons die stryd gewonne en moet sy van haar R3000.00 se bril afskeid neem. Die derde dag is ons Jonkersberg uit om weer af te daal na die Diepwalle hut. Dit is "Kringe in die bos- wêreld" met reuse Kalanders (Podocarpus fulcatus) en Uprights(poducarpus latifolius) wat bo die bos uittroon. Die laaste skof na Fisantehoek is weer deur pragtige inheemse bos met 'n verskeidenheid swamme en mos wat na 'n bietjie reën ontluik. Daardie aand val daar 'n heerlike bui reën en ons stook die vuurherd met Hennie se gekapte hout. Die laaste dag stap ons deur 'n sprokiesland tot by Garden of Eden en eindig 'n geseënde stap met 'n Wortelkoek.



Met heimwee dink mens aan die teedrinkplekkies langs waterstrome met boomvarings omsoom.

Annette Erlank



## Ons besoek die Sederberge en Maskam.


Maandag, 2 Oktober, om 6 vm. vertrek 7 Berg-en-Dallers uit George. Hennie is haastig en die pad is lank. Ons moet tot by Algeria in die Sederberge ry en dan nog oor die 600m klim tot bo by Middelberg hut. Dit is nou Hennie, Annie, Annette en Jeannette. Christina, Lina en Anna ry verder tot by Sanddrif waar hulle vir 4 aande wil kampeer. Groot opgewondenheid en die bakkie is vol tente, matrasse en nog wat. 'n Baie onvriendelike weervoorspelling word egter werklikheid en na slegs 30 minute se klim slaan helhaaltjies en yskoue reën ons in die gesig en die drie by Sanddrif verkies om in een van die huurhuisies tuis te gaan. 'n Wyse besluit en 'n bitter koue nag in die Sederberge.

Die volgende drie dae meer as vergoed egter vir al die ontberinge. Ons ervaar weer eens die Sederberge in al sy unieke glorie. Rotsvormasies, vergesigte, sederbome wat geslagte lank al oorleef in diep rotsskeure, helder strome water na die wonderlike reëns, 'n ongelooflike verskeidenheid fynbos – heelwat soorte in volle blom, volmaan oor die koppe en helder sterre bo. Ons staan weer klein en oorweldig voor die grootheid en grootsheid van die Wolfberg Boog en die Maltese Kruis - en ons spook en spartel en klouter weer eens af deur die grote Wolfberg Skeure. Hennie in sy tagtigste en Annie in haar nege-en-sewentigste jaar wys met durf en deursettingsvermoë hoe dit selfs op hierdie stadium van hul lewe gedoen moet word. Ons staan verstom – en hulle stap onder die berg hand-aan-hand gelukkig verder. Ek hoor Hennie sê: "*Mamma, jy het hard baklei, maar jy het gewen*!" Ja, Hennie, julle het albei gewen, en ons en die berge salueer julle – julle negende stap in die wonderlike Sederberge.



Vrydag stap ons weer by Algeria uit, sluit by die ander drie aan, en ry verder na die Maskamberge naby Vanrhynsdorp. Ons koers is na Dave en Bets Schlebusch se plaas "*Sewefontein*" heel bo op die Maskamberg waar ons vir twee aande in 'n grot sal oorbly. Dit is 'n lang pad en ons weet nie wat om te verwag nie. Ons weet net hulle wat reeds die voorreg gehad het om daar te kuier, wil weer en weer teruggaan. Die grot is 'n heerlike verrassing met water aangelê, braaiplek, kostafels, swemgate en warm storte. Saterdag ervaar ons hierdie besondere plaas en omgewing, en

staan weer eens verstom. Dave is 'n toegewyde natuurliefhebber en



bewaarder en deel met ons sy liefde vir en begrip van hierdie baie pragtige stukkie wêreld wat hy so lief het.
Ons leer die volle storie van Rooibos produseer waar vir jare net hy en sy vrou al die werk self gedoen het. Vandag voer hulle van die hoogste graad rooibostee uit. Hy wys vir ons asemrowende watervalle, spoelgate, skeure in die berg, grotte, massiewe Breederivier Geelhoutbome, kleurvolle rotsformasies, unieke plantverskeidenheid, en nog veel meer. Hy is 'n man met 'n passie, 'n man wat omgee en ons voel baie bevoorreg om daar te kon wees. Weer eens het 'n groepie Berg-en-Dallers iets baie besonders belewe en ons sê 'dankie'..
Jeannette Kingwill

## Instandhouding van voetslaanpaaie



Voetslaan- en wandelpaaie word baie verwaarloos deur natuurbewaring. 'n Gedeelte van die voetpad tussen Tierkop en Pepsi poele is so toegegroei dat 'n persoon nie meer vanaf die grondpad tot by Pepsi poele kan stap nie.
Dinsdag 21 Maart besluit Faan, Piet, Daan, Sarel, Myself en Sarie om dit oop te kap.
Om 7:00 begin ons om met 4 kapbyle en 'n heiningskêr om die uitdagende taak te verrig, dit begin goed maar die ongewone inspanning aan die skouers en arms eis sy tol. Ons werk tot 09:45 en besluit dit is genoeg vir die dag Die werk is driekwart klaar.
Op die 25ste gaan self, Daan, Piet en Sarel die werk afhandel. Ons werk tot so 10:20 en is omtrent trots op 'n taak welgedaan. Die ander stappers het vanoggend na die Swartrivierdam, Tierkop en terug na Standerstraat gestap ek het hulle naby Tierkop ontmoet en hulle was beïndruk met ons werk.
Ons klublede het ook die voetpad tussen die TV Toring tot op die nek na Kamferkloof oopgekap en gemerk.

Hennie Mouton



## Die Richtersveld



In die Richtersveld woon meen'ge held
Ja daardie stil tevrede mense
Wat met die min tot hul beskikking
Mens noop tot waarde herrangskikking
Soos ongeslypte diamante
Wat uitgesif word uit die gruis
Is die mense van die Richtersveld
In hulle eie bodem tuis
Koolganna donkiebos skaapbos ghoeniebee
Taaibos botterboom en nagtelik geskree van die huidjiehee
Saam met jakkals wat sy stem laat hoor
Als goeters wat aangryp en bekoor
Slymstok kannies baro kambro
Alles eetbare veldkos kan jy glo
Voeg ghobba en koekemakranka by
En mens kan kwalik beter kry
Oems- Vandersterr- en Rosyntjieberg
Versteek natuurgeskepte wonders
Dis bababaddens en fonteine met water
En by uitstek besonders die amfiteater
'n Indrukwekkend rotseboog
Is by die Venstervalle hoog
So bykans bokant mens begrip
Gespoel gevorm uit rots en klip
In tradisionele matjieshuis
Gaan eregas-besoekers tuis
Dis heel doelmatig en dit stuur
Gedagtes t'rug na die kultuur
Taal en kultuur is hier
Nog eie aan die mense
Maar stel hul primitief gerief
Nie aan hul strewe grense

En tog word hier 'n stryd gestry
Deur leiers wat nie wil agterbly
Hul swoeg en sweet en poog te bou
Aan 'n toekoms wat nog moet ontvou
Hul oë word suidwaarts gerig
Waar sogenaamd vooruitgang is
Maar vind dat hulp uit hierdie oord
Nie kom tot by hul land se poort
Die halfmens van die Richtersveld
kyk altyd Noord
En hunker om weer t'rug te gaan
T'rug na die oord waar hy behoort
Daar kom sy voorgeslag vandaan
Aan die skuilkant van die matjieshuis
As wind deur matjiesriete suis
En mens nou stil word en sit luister
Met veraf blik na die gefluister
Van son en wind wat die boodskap dra
Dank ons Skepper Heer dat hy van jou vra
Juis in hierdie land jou juk te dra.

Faan Strauss

## Die Woestyn By Sossusvlei


Om Sossusvlei in die voorog-gend te besoek is ’n moet, sorg dat jy met hek oopmaak ingaan, onthou dit is nog so ’n 65 km tot by die “vlei”. Op pad in, er-vaar die sonsopkoms van agter. Van vroeg af speel die duine en die son ’n pragtige spel, ons het probeer om dit op film vas te lê maar die werklike skoonheid bly slegs in jou geheue.




Vanaf die parkeerterrein aan die einde van die teerpad is dit nog so ’n 5 km sandpad deur die woestyn tot by Sossusvlei. Hierdie pad kan slegs per 4 X 4 of te voet afgelê word, ons het per voet gekies, sorg net dat daar water en nartjies in jou sak is, jy sal wel later uitvind hoekom. Te voet word jy deel van die woestyn en sy spel met die son. Dit is ongelooflik hoe so min so mooi kan wees.

Hendrik Vorster









Sus het hierdie foto’s op ons staptog geneem.



## **Anysberg**

Die hoë akkommodasie- en brandstof pryse speel ’n groot rol vir die swak belangstelling in weg stappe. Christina het egter vir haar ’n spoggerige 4X4 voertuig gekoop en wou dit graag uittoets. Sy bied toe aan om vervoer na Anysberg te verskaf. So gebeur dit dat Christina, Annie, Chinky en ek in die pad val na Anysberg. Die pad vanaf hier tot by Ladismith is goed bekend maar vanaf daar is dit nog so 70 km waarvan 50 km grondpad is. Ons geniet eers ’n koffie op Ladismith voordat ons die onbekende na Anysberg aanpak. Vanaf hier ry ons op die Laingsburg pad. Die eerste 20km is teerpad maar vandaar is daar 50 km Grondpad. Die omgewing is onbekend, nieteenstaande Karoo omgewing troon Towerkop in die Noordooste, soos ’n seer vinger uit. Ek sal nog graag hierdie piek wil bestyg. Na 27km op ’n redelike grondpad draai die pad na links af vir ’n verdere 23km. Ons pad lei ons deur oop vlaktes tussen 2 bergreekse in. Op pad sien ons ’n swart Springbok en met ons aankoms hardloop ’n duiker vanaf die kantoor se grasperk weg. ’n Jongman ontmoet ons en heet ons welkom. Ons word gehuisves in ’n ou arbeidershuisie wat gerestoureer is, gehuisves. Alle geriewe is daar behalwe elektrisiteit. Gelukkig het ons ons batterylamp.

Saterdagoggend doen ons die plaaskloof roete. Die eerste 3.5km stap ons deur ’n vlakte met ’n tweespoorpad na die bek van die kloof. Die veld is mooi en heelwat blommetjies is sigbaar. Die voetpad volg nou die ou waterpyp wat water na die plaas lei, heen en weer oor die standhoudende riviertjie. Die voetpad lei in ’n bergkom in met rotswande van 50m en meer hoog. Na ongeveer 3.5 km eindig die voetpad onder ’n hoe rotswand, waar ’n stroom water 30m afstort, soos uit ’n pyp. ’n Persoon kan nie bepaal vanwaar die water kom nie. Dit lyk of dit uit die soliede rots kom, of deur ’n rotsgleuf in die wand vloei. Ons roete eindig hier en ons stap dieselfde pad terug. Baie wildsbokke se spore is sigbaar op die pad.

Daar is ook 4 damme bekend as die rooidamme op die plaas wat ons toe die namiddag besoek het. Hierdie damme word gevoed uit die stroom uit die berg. Groot ou lande wat uit die damme besproei is, is nog sigbaar.

Hierdie is ’n plek om September te besoek want dan kan ‘n persoon die sterre besigtig wat hier baie naby aan die aarde is weens die afwesigheid van kunsmatige ligte. Hier kan ’n persoon die stilte hoor, ’n plek om te wees as jy naby die natuur wil wees, met slegs ’n vuurtjie as geselskap.

Ons wou deur Van Wyksdorp terugkeer maar omstandighede het ‘n stokkie daarvoor gesteek. Moontlik is daar weer ’n volgende keer.

Hennie Mouton

## Andy en die "Gals"

4 Berg- en- Dallers gaan op 'n 10 dag uitstappie

Almal wil gaan blomme kyk en so hoor ek toevallig by Hennie dat Christina ook lus is en baie graag haar nuwe 4X4 op rowwe paaie wil gaan uittoets. Na 'n paar oproepe en een bymekaarkom word die bakkie toe op 14 Augustus gelaai of moet ek liewer sê erg oorlaai, want ons is toe eers as gaste van Christine, uitgenooi om 4 dae saam met haar, haar verjaarsdag geskenk van haar broer in die luukse Country Club in Hermanus te geniet. Wat 'n fees, Walvisse, die mooiste branders ooit en dan die "Fish en Chips" heerlik. Op Vrydag vertrek ons toe met die 4X4, wat intussen na "Andy" gedoop is na Namakwaland vir die mooiste blommejaar sedert 1986. Christina ry al die agterpaaie, dit is so mooi ons stop aanmekaar vir "Kodak moments" want die Sederberge vra vir Foto's. Ons slaan tent op by Algeria en vertrek vroeg die volgende oggend na die Biedouvallei met sy Blomkomberse en vandaar na Wupperthal. Saterdagaand slaan ons meisies weer tent op by Lana se padstal en belewe gasvryheid soos min.



Ons ry die hele dag daar op die plaas Matjiesfontein rond, sal nooit weer sulke Blommeprag belewe nie. Sondagaand slaan ons weer tent op in Nieuwoudville maar gedurende die nag besef ons dat ons planne om verder aan te gaan deur die weer stopgesit is. Ons pak ons sopnat tent op maar wil nie huis toe kom nie en kry toe na vele oproepe plek in 'n Chalet in Langebaan vanwaar ons die Weskus dorpies verken. Paternoster het meer as 'n dag nodig, ons gaan beslis terug.

Dit was 10 dae van pure geniet, baie lag en heerlike geselskap.

Anna van Niekerk .





## Minwater



Dit is altyd 'n voorreg om op Minwater by Louis Jordaan te kampeer of te stap. Hy is 'n galante gasheer en sal enigiets in sy vermoë doen om sy gaste se stap- en kampeerondervinding onvergeetlik te maak. Hy stap graag saam met sy gaste en dan is mens telkens verstom oor sy wye kennis van die natuur en van al die plante, veral vetplante wat op Minwater voorkom. Hy het 'n hele versameling albums met pragtige foto's wat hy self geneem het van die plante op sy plaas, wat hy met graagte saam met sy gaste deurblaai en allerhande interessante feite en staaltjies met hulle deel. As julle graag meer wil weet van die unieke plante wat in die Klein-Karoo voorkom, gaan kuier op Minwater. Dit is 'n wonderlike ondervinding om in die buitelug te stort en as dit aand is, op te kyk na die sterre bo jou, of die warm son op jou vel te voel, as jy sou verkies om gedurende die dag te stort. En die stort is NIE koud nie! Die water word in 'n reusagtige driepootpot op die vuur verhit, en dan in 'n waterhouer in die storthokkie oorgegooi. Die houer word dan opgehys; jy klim in jou adamsgewaad in en jy draai die sproeikop bokant jou oop. Vyfster-stort sonder twyfel. Toe drie van ons dames 'n tydjie gelede alleen daar gekampeer het, wou Louis met alle geweld ons tente vir ons opslaan en die vuur vir ons aan die gang kry. Hy kon nie glo dat die eva's onafhanklik kan wees en die takies self kan verrig nie.



Hettie Esterhuyse


## Swartberge    Maart 2006



Vrydagoggend begin ons by De Hoek met 'n stywe stap bergop. Dis goed om 'n paar jongmense saam te hê en ons stap te lekker al is die gô maar gou uit op die opdraande. Ons slaap heerlik onder by Bothashoek hoewel die water maar skaars is en ons sonder die nodige geriewe moet klaarkom. Vroegoggend dapper en stapper ons weer die berg uit met 'n gerieflike "jeep track". Die hut by Gouekrans is iets besonders met die barre rots as agterste muur. Ons geniet die vergesigte oor reekse en reekse berge. Vir Georgiete is die donderstorm wat laatmiddag opsteek iets besonders. Die onweerswolke oor die pragtige berge laat die kameras gons. Later het kamerabatterye die gees gegee van opgewondenheid oor die dubbele reënboog teen die donker stormwolke. Sondag is die weer mistig en koud. Ons sukkel om die moeilike terrein te op en te af. Die jongste lid van ons geselskap het 'n kniebesering en dit gaan sukkel-sukkel. Na 'n baie lang dag in die reën en mis is ons dankbaar om uiteindelik weer De Hoek te bereik.

Christina Smit







## Miljoenêrs Fudge

Jy wil van hierdie koekies in jou Koekblik hê

ONDERLAAG: Shortbread
MIDDELLAAG: Fudge
BOLAAG: Gesmelte sjokolade

SHORTBREAD
5 Koppies Koekmeel
1 X 500gm Botter of "Ramabrick" (Kamertemperatuur)
1 ¼ Koppie Strooisuiker
Knippie Sout
Vryf botter en suiker in meel . Druk mooi plat in 2 groot oondpanne. Bak vir ± 20-25 min @ 180ºC laat afkoel.


FUDGELAAG
500gm Ramabrick smelt en voeg hierby 2 blikke kondensmelk
2 eetlepels bruinsuiker en 3 eetlepels gouestroop. Laat suiker stadig smelt voordat dit kook. Kook dan vir 7 min roer aanmekaar. Haal af van stoof en voeg 1 teelepel vanilla by. Klits vir 5 min goed. Gooi oor Shortbread en smeer mooi gelyk. Laat afkoel

Smelt 2 X 400gm donker "cooking chocalate" en smeer oor Fudge
Sny in blokkies voordat sjokolade te hard word. Heerlik

Anna van Niekerk

## Die Groot grotverskuiwing in die Maskam Berge

Op Saterdagmiddag 7 Oktober 2006. Die eerste dag van "Soekot-Hasjana Rabba" het daar 'n onverwagse Grotverskuiwing plaasgevind op die plaas van Dave in die Maskam Bergreeks naby Van Rhynsdorp. Dit was 'n pragtige dag maar so teen 2nm het die wind sterk begin waai en net erger geword. Donker wolke het begin saamtrek en 5 Berg- en- Dal dames het begin rondskarrel om die meeste van hul besittings in die 4X4 te laai, net vir ingeval. Net die broodnodige is uitgehou en toe skielik onder baie gelag vind die groot grotverskuiwing plaas. Ons verskuif uit die pragtigste Bakkransgrot oor na 'n groot riet lapa, met baie groot vensters en 'n groot deuropening. Ons voel meer beskut maar die wind waai so erg dat ons teen 6nm in ons slaapsakke kruip en ons koppe toegooi teen die sand wat uit die rietdak sypel en oral wil inkruip. Annette kom toe met die idee dat die deel van die grot waar Hennie en Annie die vorige nag geslaap het 'n beter roep as die lapa blyk te wees, maar onder groot gelag en baie grappe het ons haar voorstel afgelag, ons was net nie te vinde vir nog so 'n groot grot verskuiwing nie .



As julle nou hier gelees het en graag meer wil weet van wat verder gebeur het kontak vir Lina, Christina, Jeanette, Annette of vir My.


Groet die Grotvrou Anna van Niekerk





## Etosha Wildtuin

Dit word vertel dat daar geen tekort aan wild in hierdie paradys is nie. Dit is waar maar om die wild op sy beste te sien geld die goue reël ...... wees geduldig.




Ons het besluit om die een volle dag wat ons in die wildtuin sou wees by die watergat Goas naby Halali deur te bring. Met toebroodjies, water, tee en ander eetgoed het ons daar plaasgeneem en wat 'n dierefees, so by geleentheid terwyl die een waghou het die ander (dit was meesal ek) so 'n uiltjie geknip. So met ons aankoms het daar 'n leeuwyfie gelê maar ek dink daar het "pensvol" op haar voorkop gestaan want al die diere wat daar was Springbokke, Gemsbokke, Sebras, Kameelperde en selfs die ou Jakkalspaartjie en al die ander diere wat kom water drink het, het haar geïgnoreer. Sy is later daar weg, Ons het haar die middag met 'n maat aan die anderkant van die watergat in die koelte kry lê. Later die middag kom die ou matriarg olifant en haar gevolg daar aangestap, eers word die twee kleintjies gebad, en kan hulle 'n bad geniet, toe is dit die jong dames se beurt en na 'n bad poeier hulle hulself deeglik met sand en heel laaste kry die jong bulletjie sy beurt, nadat hy gedoen het wat hy wou, is die klompie daar weg.



Op pad terug kamp toe kom ons op die prys van die dag af, 'n luiperd en ou geeloog lê sommer hier langs die pad, wat 'n pragtige dier.





Die aand kon ons die ritueel van renoster waterdrink by die verligte watergat aanskou. ’n Groot ou bul het bepaal wie kan drink en wanneer. Na heelwat gestoot en gesnork het hy besluit om self te drink. ’n Koei, ek neem aan sy was nog jonk, het baie duidelik voorregte bo die ander geniet. Toe die ou klaar is nadat hy laaank staan water drink het, draai hy hom om en blaas sy “trompet” lank en luid, tot groot vermaak van die toeriste. Daar moes baie wind in sy maag wees. Die res van die troppie kon toe nader sluip vir ’n ou slukkie.
Baie tevrede is ons die volgende dag voort op ons reis.

Hendrik Vorster

## Riversdal Sleeping Beauty en Kristalkloof. Junie 2006

Ons slaap en kuier heerlik in Takkieskloof se huisie in Riversdal. Daar is sommer tyd vir bietjie inkopies in die dorp. Jammer alles maak so vroeg toe op 'n Vrydagmiddag. Ons voorsitter verjaar mos darem en daar is voorbereidings om te tref. Vroegoggend Saterdag ry ons na die beginpunt in die Garciapas en stap op na Sleeping Beauty. Wat 'n pragtige gesig! Die rit op die N2 na Kaapstad sal nooit weer dieselfde wees nie. Die aand braaivleis en 'n bier om die vuur. Sondag stap ons Kristalkloof, maar van ons maak dit nie tot by die einde nie. Net bittereinders Hennie, Annie, Riana en Chienkie loop die hele pad. Maar ons almal geniet die naweek en is bly ons kon gaan.

Christina Smit



## Victoria Valle



Hierdie Natuurwonder bly maar ’n onvergeetlike skouspel. Dit het nog dieselfde indruk op my gemaak soos toe ek dit die vorige keer in 1958 gesien het.



Hierdie foto is op ons vorige besoek geneem en word hier geplaas om perspektief te gee. Die huidige valle is onder die vliegtuig se vlerk en dit wys hoe die rivier deur die eeue van regs na links sy pad deur die aarde kalwe.

# Erkennings

Eerstens aan al die Berg- en- Dallers wat saam gestap het vir julle samesyn en kameraderie.
Dan aan die lede wat ons van artikels voorsien het daar word onderaan die artikels aan julle erkenning gegee.
Christina Smit vir haar taalkundige hulp.

| | |
|---|---|
| Vir Foto's | Annette Erlank vir die voorblad foto<br>Jeannette Kingwill<br>Christina Smit<br>Lina Aucamp vir die foto van Oom Tom, al moes ek hom tussen al die stappers op die foto uithaal.<br>Sus Vorster<br>En self is ek baie trots op my luiperd foto, was nog nooit so naby aan 'n luiperd nie. |
| Vir Finansies | Bert van Walbeek<br>Hennie Mouton |
| Vir Drukwerk | Copy Cat - sonder wie se baie spesiale prys hierdie uitgawe nie in kleur sou verskyn het nie. |

Indien van die woorde in Faan se bydrae vir u vreemd geklink het, dit is streekname vir plante en goggas daar uit die Noordweste.

Lees dit en geniet dit.

Hendrik Vorster

Copy Cat & Print
"....Images to purrr...fection...."

Ondersteun ons adverteerders.